# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 205
19 Augustus 2022

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Dankbare vergewe en vergeet.**

Woensdag 24 Augustus 2022 is dit vier honderd en vyftig (450) jaar na die gebeure van Bartholomeusnag. Protestante Kerk in die algemeen, en hier ter plaatse, vier steeds hierdie waarlik gedenkwaardige gebeurtenis. Daar is ongelukkig ‘n groot deel van ons kerkvolk wat nie weet wat gebeur het nie, of wat dit beteken nie.

Die slagting van daardie nag was maar net deel van die reeks insidente wat plaasgevind het tydens die burgeroorlog tussen Franse Roomse (Katolieke) en die Franse Hugenote. (*Net ‘n kort opmerking oor die verwysing na die sogenaamde Katolieke kerk. Die Algemene kerk is die Katolieke kerk - die woorde beteken dieselfde. Die Roomse kerk met sy setel in Rome en onder die beheer van die Pous, eien onregmatig homself die naam Katoliek toe. Daar sal deurgaans verwys word na die Roomse kerk om so nie toe te gee aan die Roomse propaganda en manipulasie nie*.)

Na Luther se optredes wat die Reformasie ingelei het, het die Reformasie oorgespoel na Frankryk toe. Een van die groot reformatoriese teoloë - Johannes Calvyn (1509–1564) - het in Frankryk na vore getree. Hy kon nie daarin slaag om die hele Frankryk Protestant te maak nie. Die bevolking in Frankryk was verdeel tussen Franse Protestante en die Franse Roomse kerk. Daar was in die besonder in die koning se paleis voortdurende politieke- en godsdienstige faksie gevegte. Dit was ‘n ongemaklike tyd met oorlog na binne en buite. Een van die Hugenote leiers, Admiraal Gaspard II de Coligny, was ten gunste van ‘n oorlog in die suide teen die Spanjaarde. Hierdie oorlog moes dien as weerligafleier om die interne faksie gevegte te besweer.

Die Franse koning Charles IX was op die punt om hierdie stap goed te keur in 1572. Catherine de Medici, die koning se moeder, het nie die groeiende invloed van die Hugenote admiraal oor haar seun waardeer nie. Sy het in die geheim goedkeuring gegee aan die moord-komplot van die Roomse huis van Guise. Die Guise-familie het De Coligny verantwoordelik gehou vir die moord op François de Guise in 1563.

Die ideale situasie vir die sluipmoord het hom voorgedoen tydens die troue van Margaret (suster van die koning) met die Protestante adellike genaamd Hendrik van Navarre. Die troue het op 18 Augustus plaasgevind. Daar was ‘n groot groep van die Protestante adellikes en invloedryke leiers in die Rooms-beheerde Parys byeen om die troue by te woon. Hulle is in dieselfde omgewing - naby aan mekaar - gehuisves.

Die sluipmoord poging was nie suksesvol nie. Coligny en Protestante leiers het optrede teen die booswigte geëis. Die

koning, sy raadgewers en Catherine de' Medici het 'n Protestante revolusie gevrees. Hulle het toe besluit om die Hugenote tereg te stel. Tydens die nag van 23-24 Augustus is by Coligny self begin en die leierskorps van die Hugenote is voor die voet tereg gestel. Die gepeupel het hulle Roomse leiers se voorbeeld gevolg en enige Hugenoot of Protestant-gesinde vermoor.

Die uiteinde was dat in die tyd na hierdie verskriklike nag tussen vyf duisend en dertig duisend Hugenote vermoor is. Die leiers wat oorleef het, het gevlug en baie van die volgelinge het weer Rooms geword. Van daardie vlugtelinge het in Suid- Afrika op geëindig. Geen wonder dat die Protestante dwarsdeur Europa tot die oortuiging gekom het dat die Roomse religie 'n moorddadige en verraderlike godsdiens is nie.

Na vier honderd en vyftig jaar is dit steeds opvallend dat die waarheid opgesluit in die Reformasie, onder verdenking geplaas word. Die Roomse kerk van daardie tyd het wel van taktiek verander, maar nie verdraagsaam geword nie. By geleentheid sal ons die korrupte teologie van die Roomse kerk onder loep moet neem.

Wat nou wel van belang is, is dat die Roomse kerk steeds homself sien as die enigste ware kerk. Daar word van ander denominasies verwag om by die Roomse kerk aan te sluit – die Roomse idee van ekumene skakeling is dat almal aan die Pous gehoorsaam moet wees.

Daar is 'n ander vyand van die Reformasie wat nou ook sy ware kleure begin wys. Noem hom Marxisme, Neo-Marxisme, humanisme, post-modernisme, '*woke-isme', 'cancel culture'* of enige ander naam. Dit is die gesindheid wat heers dat enige beginselvaste standpunt vernietig moet word. Enige persoon wat standpunt inneem **teen** die 'inklusiewe' gees, word verguis, reputasies word vernietig, mense word verneder.

Ons stryd is nie net teen die Roomse dwaling nie, dit is ook teen die kultuur-gees van die dag. In die stryd word ons nie meer noodwendig fisies vermoor nie, maar selfs karakter-moord voel soos dood wanneer jy die teiken is van geniepsige, vernielsugtige aanvalle op jou persoon en reputasie.

Ons word opgeroep daartoe om te vergewe. Ons vergewe de' Medici en gespuis. Om te vergeet sal, dwaas wees. Om die lesse van die geskiedenis te leer, is om te weet waar jou bedreigings lê.

Enige optrede het gevolge. Die moord op die Hugenote het tot nou toe gevolge. Ons onthou en weet dan wie ons kan vertrou. Selfs nadat jy iemand vergewe het, gaan daardie aanvanklik verkeerd optrede en vergrype steeds 'n impak op enige interaksie hê. Dieselfde geld die mense wat ons nou ook vervolg en probeer vernietig. Hulle sal nie slaag nie. Ons versigtigheid en stryd om oorlewing, is die resultaat van hulle roekelose optrede. Alle handelinge het gevolge. Dit is belangrik om van harte te vergewe, maar dit is ook belangrik om nie herhaaldelik in dieselfde strik te trap nie. Ons sal vergewe' maar op ons hoede bly.

## BERIGTE

### BYBELVASVRAE 2022

Ds Lewis Strauss berig as volg: Vanjaar se vasvra het op 31 Julie 2022 plaasgevind. Die vasvra was aan die hand van die teks van die 1983-vertaling van die Bybelboek 2 Petrus, asook algemene Bybelkennis. Deelnemende

gemeentes se spanne het almal dieselfde vraestel, in drie kategorieë, in hulle eie gemeente geskryf. Predikante het die antwoordstelle aan die hand van memoranda nagesien en die punt ingestuur. Baie dankie vir hulle hulp in die verband!
In die laerskoolkategorie het vier spanne uit vier gemeentes deelgeneem. Messina se Laerskool Lelies het net uit twee lede bestaan by name Elru en Linienke Brits. Hulle tree as wenners uit die stryd met ‘n totaal van 93%. Dan volg Vrede se span met die mooi persentasie van 88%. Theresapark (Span Bileam) en Koster het ook deelgeneem.
In die hoërskoolkategorie het drie spanne deelgeneem. Vrede beklee die eerste plek met 84% gevolg deur Theresapark Span Genesis met 76%. Theresapark se span het ook net uit twee lede bestaan. Koster het ook ‘n span gehad.
Nege spanne uit vier gemeentes het die vraestel in die ope afdeling beantwoord. Premiermyn loop met die louere weg en het 88% behaal. Span Dorkas van Theresapark behaal 82% met span Openbaring, ook van Theresapark kort op hulle hakke met 80%. Die ander deelnemers was Messina se Naomi’s, Theresapark se Kronos, Koster se Sussie, Messina se A-span, Koster se Ouderlinge en Koster se Wyk 7.
Die vertroue word uitgespreek dat die spanne wat deelgeneem het, se Bybelkennis in die proses verryk is en hulle word bedank vir hulle deelname. Die vasvra is nou weer op dreef en daar word uitgesien na ‘n groter deelname volgende jaar.

## GHG BEROEPENUUS

Ds. Faan Visser van Oostelike-Pietersburg het 'n beroep na Rustenburg ontvang. Hy het die beroep aanvaar.
Sy afskeid by Oostelike Pietersburg vind plaas op 28 Augustus 2022 en sy ontvangs by Rustenburg vind plaas op 4 September 2022.

Ons bid hom, sy gesin en Rustenburg gemeente God se seën toe op die nuwe geloofspad wat hulle opneem.
Ons bede is ook met die gemeente Oostelike-Pietersburg dat hulle in geloof staande sal bly en ter gelegener tyd weer 'n leraar sal kry.

## GHG PREDIKANTE BERAAD

Die bestuur van die GHG het besluit om hierdie jaar die Bondsvergadering met die predikante beraad te kombineer. Dit word gedoen om koste te bespaar. Daarmee saam vind die Bondsvergadering in verkorte formaat plaas en is dit moontlik vir gemeentes om net hulle predikante te stuur om met mandaat die vergadering by te woon.

Die tema vir die gesprek is die moontlikheid of wenslikheid van 'n Kerkorde vir die verskillende gemeentes.
Die verskillende behoeftes, knelpunte en voordele sal deel van die inleidende gesprek wees. Daarmee saam sal die inhoud en gedeelde gesag van so 'n voorgestelde Kerkorde vir gemeentes onder die loep kom.

Die gesprekke gaan plaasvind onder die leiding van dr. Malan Storm.
Gemeentes word daaraan herinner dat ons nog steeds so ver moontlik werk met die NHKA Kerkorde soos in 2010 verwoord.

## GHG BONDSVERGADERING

Hierdie jaar vind daar net 'n verkorte Bondsvergadering plaas. Dit vind plaas op 9 September 2022 te Meyerspark onder leiding van ds. Piet Rautenbach. Die enigste saak op die Agenda is die goedkeuring van die geouditeerde finansiële state van die GHG.

## KENNISGEWINGS

### CALVINISTIESE ALLIANSIE

Die kongres van die Calvinistiese Alliansie vind DV. plaas op 27 Augustus 2022 by Hervormde kerk Meyerspark (Geloofsbond van Hervormde Gemeentes), Havelockstraat 15, Meyerspark, Pretoria.

Die registrasie begin om 09:00 vm. en die kongres begin om 10:00 vm.

Die sprekers tydens die geleentheid is prof. Andries Raath en Hugo Hayes van VCHO. Beide van Bloemfontein.

Vanjaar se tema is Kerk en staat/Kerk teen staat in lyn met NGB, Artikel 36.

U word uitgenooi om besoekers saam te bring en u word vriendelik versoek om te laat weet hoeveel, sodat daar voorsiening gemaak kan word vir bykomende verversings.

Die registrasiefooi is R70. Dit sal waardeer word indien die korrekte bedrag saamgebring kan word.

### LEWENSBROOD 2023

*Predikante word bedank vir hulle getroue medewerking aan dagstukkies vir die 2023 uitgawe van Lewensbrood. By voorbaat dank vir u toegewyde werk en uitstekende oordenkings.*

***Gemeentes en enkelinge word nou reeds aangemoedig om hulle bestellings betyds te plaas om teleurstelling te voorkom. Kontak u kerkkantoor of Ella. Adres hier onder;***

### DRUKWERK

*Paul en Ella help graag met:*
*Kalenders*
*Kwitansieboeke*
*Offergawe boeke*
*Dames Kwitansieboeke*
*Konsistorie boeke*
*Reklame plakkate en ander drukwerk*
*ella@teamworkprinters.com*

